



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa
Tel/Fax: 051 430 4352

Braunvieh Cattle Society of South Africa Braunvieh Beestelersgenootskap van Suid Afrika

P.O. Box / Posbus 7864
BLOEMFONTEIN
9300

Tel: 051-4100 950
Fax / Faks: 051-448 4220
E-Mail/E-pos: liezel@studbook.co.za

NUUSBRIEF JULIE 2009

Dag sê aan al ons Braunvieh boere , ons hoop u lees lekker aan die nuusbrieff , baie belangrike dinge wat gebeur het en ander wat nog gaan gebeur , lekker lees .

Die skou is alreeds verby, maar dit lê nog vars in ons gedagtes. Dit was darem baie lekker om weer so as Braunvieh familie saam te kuier. Al die lekker lag en sê-goed sal ons lank onthou.

Baie geluk aan al die vertoners, met jul pragtige diere. Geluk aan al die wenners van plekke en kampioene. Ook baie geluk, aan al die telers wat vir die eerste keer aan nasionale kampioenskappe deelgeneem het. Die raad het baie goeie terugvoering gekry en gelukwensing met die skou asook die veiling. Die mense het ons raak gesien en die beste van alles die Braunvieh word al hoe gewilder, ons het nou die groot taak om die ras uit te bou, sodat ons meer telers kan kry. Die jaar vergadering saam met die dinee en prysuitdeling was ook 'n spog geleentheid, daar is lekker gesels en fees gevier.

BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT

Baie dankie aan elke Braunviehteler wat die afgelope jaar so hard gewerk het om van elke geleentheid by skoue, veilings en funksies sy/haar kant gebring het om daarvan 'n sukses te maak. Dankie aan elke Braunviehteler wat weer vanjaar 'n advertensie in die joernaal geplaas het. Baie dankie vir elkeen van julle wat die Braunvieh bemark en bekendstel aan nuwe telers en belangstellendes en hulle inspireer om met die Braunvieh te boer. Ons is voorwaar weer op koers om die hele land weer bewus te maak van die beesras wat oor besondere eienskappe beskik en wat beslis nog met rasse skrede gaan vorder omdat ons net die beste beskou as goed genoeg. Ons wil graag hê dat elke teler krities kyk na sy beeste en hulle prestasies sodat ons algaande die swak presteerders sal uitfaseer en klem lê op die prestasie en die positiewe eienskappe wat die braunvieh spesiaal maak.

Dit is belangrik dat ons verskil ter wille van die Braunvieh maar nooit ten koste van enige lid nie. Elke lid is vir ons belangrik en daarom wil ons graag hê dat dit met elkeen moet goed gaan. As u Braunvieh beeste soek, laat weet vir Liezel en as u Braunvieh beeste wil verkoop kontak haar ook gerus. Op die manier kan sy help dat die kopers by die verkopers uitkom.

Kom ons probeer elkeen net een nuwe lid te oorreed om by die genootskap aan te sluit. Hoe meer beesboere met Braunvieh bulle teel hoe meer bulle gaan ons nodig hê om te kan voorsien en hoe meer beesboere die waarde van die Braunvieh ervaar hoe groter gaan die aanvraag na ons beeste word.

Sukses met u boerdery.

Deur te weeg en te meet gaan ons beslis weet hoe vinnig ons vorder.

Groete,

Cois Harman

DIE NUUT VERKOSE RAAD:

Cois Harman- Voorsitter
Pieter de Villiers- Ondervoorsitter
Bennie Coetzer
Christopher Havenga
Kobus Bezuidenhout

UITSLAE VAN DIE SKOU

**Kalf kampioen bul
BEZUIDENHOUT BROERS**

**Reserwe Kalf kampioen bul
AURORA BRAUNVIEH Namibie**

**Kalf kampioen vers
AURORA BRAUNVIEH Namibie**

**Reserwe Kalf kampioen vers
COIS & ANNEMARIE HARMAN**

**Junior kampioen bul
ABE RADEMEYER**

**Reserwe Junior kampioen bul
CHRISTOPHER HAVENGA**

**Junior kampioen vers
PDW&HB DE VILLIERS**

**Reserwe Junior kampioen vers
PDW&HB DE VILLIERS**

**Senior kampioen bul
CHRISTOPHER HAVENGA**

**Reserwe Senior kampioen bul
BEN SPIES FAMILIE**

**Senior kampioen koei
CHRISTOPHER HAVENGA**

**Reserwe Senior kampioen koei
PDW&HB DE VILLIERS**

**Groot kampioen bul
CHRISTOPHER HAVENGA**

**Groot kampioen koei
CHRISTOPHER HAVENGA**

**Meeste punte behaal
CHRISTOPHER HAVENGA**

**Meeste punte vir eerste deelnemer
BEN SPIES FAMILIE**

**Eerste vertoner op skou met beste 5 diere
ABE RADEMEYER**

**Netste stal
ABE RADEMEYER**

Dankie aan die beoordelaars vir julle werk.

Besluite van die jaar vergadering:

'n Dringende beroep word op ons telers gedoen om aan prestasietoetsing deel te neem .

WAAROM DOEN ONS PRESTASIE TOETSING?

Doel van die skema

Die doel van die Nasionale Vleisbeesaantekening en –Verbeteringskema is om die teler 'n OBJEKTIEWE

SELEKSIEHULPMIDDEL te verskaf ten einde diere te identifiseer wat superieur is ten opsigte van EIENSKAPPE WAT EKONOMIES BELANGRIK IS.

Voordele van die skema

1. Seleksie hulpmiddel

Die heel belangrikste waarde van prestasietoetsing is reeds genoem naamlik dat dit 'n objektiewe maatstaf is vir die identifisering van gewenste en ongewenste diere ten opsigte van ekonomies belangrike eienskappe, byvoorbeeld reproduksie, melkproduksie, groeivermoë, doeltreffendheid van voerverbruik, ensovoorts.

2. Bestuur hulpmiddel

Prestasietoetsing vereis dat diere gereeld geweeg word en dat noukeurige rekord gehou word van al die diere wat in 'n kudde voorkom. Dit het tot gevolg dat 'n persoon sy bestuurspraktyke doeltreffend kan evalueer en aanpassings maak waar en wanneer nodig.

3. Verbreed die teler se kennis

Deur rekordhouding en bestudering van die verwerkte data word die teler se kennis en insig ten opsigte van sy kudde en ras verbreed. Hy raak toenemend bewus van tekortkominge en prestasies van diere in sy kudde en dié kennis stel hom in staat om beter besluite te neem.

4. Produk spesifikasies

Dit is 'n bekende feit dat kopers bereid is om meer te betaal vir 'n produk waarin hulle vertrou het. Voornemende kopers sal dus geneë wees om meer te betaal vir diere waarvan daar volledige en betroubare inligting beskikbaar is, dit wil sê diere wat prestasie getoets is.

VEREISTES VIR DEELNAME

Alle stoettelers van vleis- en dubbeldoelbeeste wat aan onderstaande vereistes voldoen, sal tot die Skema toegelaat word. Kommersiële kuddes word slegs toegelaat indien die kudde uit minstens 30 teelkoeie bestaan.

Vereistes vir deelname is kortliks as volg:

- i. Alle diere in die kudde moet geïdentifiseer wees met duidelike en unieke identifikasie.
 - Tattoëring
 - Brandmerke (Soos deur u telersgenootskap vereis)
- ii. Die teler moet sy eie beesskaal, deur die Diereverbeteringsinstituut goedgekeur, besit.
- iii. Geboortebesonderhede van alle kalwers moet aangeteken word.
 - Datum
 - Moeder (Baie belangrik)
 - Geslag
 - Vader
- iv. Die hele kudde moet aan toetsing onderwerp word
- v. Diere moet (soos voorgeskryf) gereeld geweeg word, die rekordboeke ingevul word en die data binne 14 dae na weging aan die streekkantore van die Veeverbeteringskema gepos word.
- vi. Voldoening aan die Riglyne van die Skema en volle samewerking in alle opsigte.

UITEENSETTING VAN DIE SKEMA

Die Skema bestaan uit 5 Fases naamlik Fases A, B, C, D en E

Fase A: Evaluasie van die koeikudde

Die moedereienskappe van koeie word bepaal deur middel van die gewigte van hul kalwers op ongeveer drie en sewe maande ouderdom. Die koeie se reproduksieprestasie word ook geëvalueer.

Fase B: Gewigstoename

Die gewigte van verse, osse en jong bulkalwers wat in die heersende natuurlike omgewingstoestand grootgemaak word, word seisoenaal vanaf speen tot 18 maande ouderdom gemeet.

Fase C: Gesentraliseerde Prestasietoetse

C1: Gestandaardiseerde toetse by LNR toetssentrums

C2: Gestandaardiseerde toetse by goeagekeurde Private toetssentrums

C3: Sentrale nie-gestandaardiseerde toets by LNR of by Private toetssentrums

Die groeivermoë en voeromsetting van jong bulkalwers word naspeen gemeet in gestandaardiseerde toestande by sentrale bultoetssentrums oor 'n tydperk van 84 dae na 'n aanpassingsperiode van 28 dae.

Fase D: Groeitoetse van jong bulkalwers op die plaas [Daar moet 'n minimum van tien bulkalwers beskikbaar wees wat

van die jongste tot die oudste nie meer as drie maande mag verskil nie, om so 'n toets te kan begin.]

D1: Op-die-plaas enkelkudde groeitoetse

D2: Gesentraliseerde veelkudde groeitoetse

Die naspeen-groeivermoë van jong bulkalwers word geëvalueer deur middel van groeitoetse in gekontroleerde toetstande op die plaas van 'n lid of by die geriewe van 'n privaatsinstansie.

Fase E: Voerkraal metings en Karkasevaluasie

Die gewigte in die voerkraal en die kwalitatiewe en kwantitatiewe karkaskomponente van die nageslag van 'n bul word geëvalueer.

NB:

- i. Fase A vorm die basis van die Skema en alle koeie en kalwers moet aan die fase van toetsing onderwerp word.
- ii. Kalwers wat u nie naspeen wil toets nie, kan direk na speen verkoop word. Vers- en oskalwers wat naspeen gehou word, word in Fase B getoets. So ook bulkalwers wat nie in Fase C of D getoets word nie.
- iii. Om bulkalwers in Fase C of D te toets, moet vroegtydig aansoek gedoen word om die voorgeskrewe aansoekvorms. Maak vooraf seker dat aan al die vereistes voldoen word. (Sien Fases C en D, Bylaes)

EIENSKAPPE WAT GEËVALUEER WORD

Die belangrikste eienskappe wat in die Skema geëvalueer word, is:

Eienskap	Seleksiemaatstaf
<i>Fase A:</i>	
1. Reproduksie	Ouderdom eerste kalwing Tussenkalfperiode Reproduksie indeks
2. Moederlike vermoë	Speenindeks
3. Koeidoeltreffendheid	Doeltreffendheidsindeks
4. Gemak van kalwing en kalfmortaliteite	Geboortegewig Gemak van kalwing Status van kalf by geboorte
5. Groeivermoë (Voorspeen)	Speenindeks

Ons versoek u almal om u beeste te weeg,

Onthou: "Om te weeg is om te weet."

Kom ons span saam en wys dat ons ernstig is om die Braunvieh tops te maak.

NUUS VAN UIT DIE RAAD

Op 26 Junie 2009 het ons op Bloemfontein vergader en ons bring u graag op hoogte met die gebeure en besluit van die raad.

1. Bedanking : Pieter de Villiers. Hy voel dat hy nie op hierdie stadium verder op die raad kan dien nie as gevolg van sy baie boerdery verpligtinge wat hom nie toelaat om sy volle gewig by die raad te kan ingooi nie. Pieter baie dankie vir wat jy en ook Erika gedoen het tydens jou termyn op die raad. Gelukkig weet ons dat 'n ou nie op die raad hoef te wees om hand by te sit wanneer dit nodig raak nie. Voorspoed!!!
2. Die raad het Hans Bester gekoöpteer op die raad.
3. Bennie Coetzer is as die nuwe ondervoorsitter aangewys.
4. Indien enige teler Braunvieh embrios wil uitvoer moet die raad vooraf goedkering daarvoor gee. Dit het onder ons aandag gekom dat selfs nie-telers Braunvieh wil aankoop en dan embrios spoel en dit uitvoer. Die raad voel dat wanneer embrios gespoel word daar seker gemaak word dat die beste diere daarvoor gebruik word sodat ons nie ons ras skade aandoen deur die uitvoer van minderwaardige diere nie.
5. Daar word 'n ernstige beroep gedoen op telers om al u kalwings te rapporteer en te registreer. Dit het 'n geweldige negatiewe invloed op die ras wanneer kalwings nie opgegee word nie.
6. Lede wat in die joernaal adverteer het, het die geleentheid gehad dat hulle baniere vertoon is tydens die Vryburgskou by die ring asook by die tent. Daar is ook 'n besluit geneem dat die baniere by NAMPO vertoon word. Dit het baie goed gewerk. Alle lede wat graag deel van hierdie geleenthede wil word om by skoue waar die ras vertoon word te adverteer kan gerus met Cois Harman skakel om 'n A3 banier te maak wat by verskeie uitstallings waar die ras vertoon word, u stoetery bekend te stel vir 'n fooi van R250-00 per uitstalling. Bresoeke word veral bewus van die Braunvieh se vermoë om oral baie suksesvol aan te pas.
7. Die raad beplan om 'n beoordelaars kursus asook 'n keurders kursus aan te bied op die 25 en 26 September 2009 om 10 uur , op die plaas Palmietgat van die Bezuidenhouts in die Brandfort distrik . Koste beloop R200 vir die beoordelaars kursus en R100 vir die keurders kursus . Inskrywings sluit die eertse September en u moet met die kantoor skakel om u teenwoordigheid by die kursus te bevestig.
8. Daar word op die 18 September 2009 'n Boeredag op die plaas van Cois Harman aangebied.
9. Christopher Havenga bied op 7 November 2009 'n inligtingsdag asook 'n veiling aan by hom op die plaas.
10. Nico Nel het boerdery gestaak en ook as lid bedank.
11. Daar het drie nuwe lede by die Braunvieh aangesluit. Baie welkom aan die lede en ons hoop hulle gaan 'n lang en

- gelukkige verbintenis met die Braunvieh hê. Hulle is:
- 11.1 Marius en Irma Labuschagne van die plaas Dammenburg by Zeerust
 - 11.2 Hendrik en Ronel Oosthuizen van Visarendsnes naby Zeerust.
 - 11.3 Jantjie en Dr Eva Manyedi van die plaas Kopanelo in die Mafiking distrik.
12. Indien lede Braunvieh soek om te koop of het om te verkoop kan u gerus met die kantoor skakel sodat ons u by die regte persone kan uitbring. Die inligting word ook gereeld op ons web opgedateer.
 13. Enige nuus of foto's is welkom. Kontak my gerus: Kobus Bezuidenhout Sel: 0823745022

RAADSBESLUIT 26 Junie 2009

1. **Dat 'n dragtigheidsertifikaat by die ring ingehandig moet word; by koeie 36 maande en ouer (senior klasse/produksieklasse).**
2. **Braunvieh beeste wat op die veilingskatalogus verskyn moet ten minste 4 maande voor 'n veiling deur 'n keurder gekeur word.**
3. **Dat alle diere ouer as 18 maande voor einde 2010 gekeur word. Daarna moet alle diere tussen 12 en 24 maande wat nog nie gekeur is nie jaarliks gekeur word.**
4. **Dat die lede wat A3 advertensies gemaak het se advertensies tentoongestel moet word by die verskillende skoue asook by Nampo soos deur die algemene vergadering aanbeveel is. Dat lede van die besluit in kennis gestel word en dat hulle die geleentheid kry om advertensie baniere te maak en beskikbaar te stel.**
5. **Die 25 September 2009 sal 'n beoordelaarskursus en die 26 September 2009 'n keurderskursus by mnr Bezuidenhout, onder leiding van mnr Coetzer aangebied word. Die kostes beloop R200-00 vir die beoordelaarskursus en R100-00 vir die keurderskursus. Mnr Bezuidenhout stel voor dat borge gesoek moet word. Die Raad keur dit goed.**
6. **Die raad besluit dat R2 000-00 aan die persoon wat die Fase C bul te Pretoria vertoon, betaal moet word om sy kostes te help dra.**
7. **Die raad besluit dat daar elke week in die Landbouweekblad 'n advertensie geplaas moet word in die "smalls" asook 1 keer per maand in die Farmers Weekly om die Braunvieh te promoveer.**
8. **Die Raad besluit dat bulle en koeie wat gebruik word vir semen/embrio skenkers eers vir goedkeuring aan die Raad voorgelê moet word.**

IN LIGTE LUIM

Ons staan so om die vuur en braai vleis die Woensdagaand, Abe is die man met die sout pot, Kobus, Petri en Christopher draai die vleis om, gooi mater kom die bevel en Abe laat waai, die sout lê geel op die tjops en ek dag by myself gelukkig het Pieter en Erika iets gaan haal om die sout mee af te spoel, maar wag sê oom Willem Pretorius laat ek proe of Abe se hand reg was met die sout. Oom Willem laat weet gooi broer ek proe nog niks! Gelukkig was die kraan Donderdag nie ver weg nie.

Die grappe en sê-goed het ons laat skater van die lag. Na die ete hoor ons iemand sê wie gaan saam perdjies ry, by die pretpark? Dit was ook nie lank nie toe is hulle daar weg baie dapper en vol moed. Die manne en die seuns het die stampkarretjies gery en ewe tuis op die baan voorgekom. Ander het weer spookasem gekoop om moed bymekaar te skraap vir die seekat. Daar was lekker gelag en geskree na al die asemrowende pretritte. Dit is darem lekker vir 'n plaasjapie om by so iets te kom, jy sien dit nie aldag nie!

Die veiling Vrydag het baie goed verloop. Die hoogste prys was R 45 600-00 vir 'n bul van Christopher Havenga wat Gawie Naude aangekoop het en Advokaat Benjamin Ratshikana het R21 660-00 vir 'n koei van Dr. Ben Spies betaal. Ons vriende uit Namibië het netso goed gedoen en DANIE DELPORT het 'n koei verkoop vir R20 000-00. Die gemiddelde prys vir die bulle was R23 000-00 en vir die vroulike diere R10 000-00.

Dankie aan die Namibiërs wat saam met ons kom skou het. Ons waardeer dit baie dat julle sover gekom het en vir ons kom wys het hoe doen julle dit daar in Namibië.

Baie dankie aan almal wat hard gewerk het om van hierdie skou 'n groot sukses te maak.

NUUS VAN ONS LEDE

Ons het ook verneem van minder aangename nuus:

1. Oom Piet en tannie Anna was in 'n motorongeluk. Hulle sterk tuis aan.
2. Ina Coetzer is siek, en Bennie se getroude seun het baie erg gebrand en word tans in die Milpark Hospitaal behandel. U kan Bennie skakel by: 083 766 6557. Mag God vir julle spoedige genesing bring.

Die winter het in al sy felheid ons nou getref en die eerste sneeu lê wit op die berge. Een ding is seker die peste gaan dit hopelik erger voel.

Voorspoed en lekker boer. Net die beste beeste is goed genoeg!!!

BRAUNVIEH GROETE

KOBUS BEZUIDENHOUT